

GRAAD 9 NW 15 – 19 Junie

1) Jy skryf 19 Junie ,9 uur toets oor die elemente se name en hul chemiese simbole.

DINSDAG: p 85. Op die periodieke tabel is daar by elke element 2 getalle , die kleinste een is bo-aan die simbool geskryf en dit noem ons die atoomgetal. Die positiese deeltjies (PROTONE = atoomgetal)

Die groot getal wat onder die simbool geskryf is, is die massagetal of die atoommassa. Dit is die getal proton en neutrone , met ander woorde dit wat in die kern van die element voorkom.

In 'n neutrale atoom is die aantal protone gelyk aan die elektrone, so dadelik weet jy ook hoeveel elektrone 'n atoom het.

Die vertikale kolomme ( kyk p 84 ) word die groepe genoem en die horisontale rye word periodes genoem. Daar is 7 periodes en die groepe word van 1 tot 8 genoem. Ek weet daar staan 1 tot 18, maar gooi die nulle weg, so 13 raak 3, 14 raak 4. Die ander groepe wat van 3 tot 12 genummer is, is die oorgangsmetale, so ons gebruik nie die nommer wat bo die groepe staan nie

Groep 1 het 'n spesiale naam : ALKALIE-METALE

Groep2: AARD ALKALI-METALE

Groep 7: HALOGENE

Groep 8: Edelgasse. Die name moet jy ken

Elke groep het dieselfde eienskappe, daarom is hulle in dieselfde groep geplaas.

DONDERDAG: Die meeste elemente kom nie alleen in die natuur voor nie. Slegs groep 8 se elemente kom alleen voor. Hulle is " ROYALTY" en meng met geen ander elemente nie.

Elemente vorm VERBINDINGS as een element met een ander element of meer as een ander element verbind.

Die elemente wat met mekaar verbind, sal altyd in 'n vaste verhouding bind bv  $H_2O$ . Dit beteken TWEE waterstof atome bind met EEN suurstof atoom in die verhouding 2:1. Die nuwe verbinding het heeltemal nuwe eienskappe as wat die oorspronklike elemente het wat gebind het. Elke verbinding het nou sy eie formule.

Op p 86 is voorbeelde van verbindings. Kyk na die voorbeelde en maak seker jy verstaan. Die verbindings kan ook nou geteken word. Doen aktiwiteit 2 .

In die laaste paragraaf op p 86 is daar Latynse woorde vir voorvoegsels by verbindings se name

MONO beteken een, Di beteken twee, Tri beteken drie, Tetra vier. Voorbeeld wat julle goed ken is  $CO_2$ , EEN C bind met TWEE O en ons noem dit koolstofdiksied.